higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP L3
NKR VLAK 3

(2020023)

16 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 13 bladsye.

392Q1N2216

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen. (Gebruik ’n potlood of kleurpotlode vir die tekeninge/illustrasies.)

6. Punte sal nie toegeken word vir eenwoord-antwoorde nie, tensy die vraag dit uitdruklik vereis.

5. Gebruik die puntetoekenning om die tyd te bepaal wat aan ’n vraag bestee moet word.

6. Laat minstens DRIE reëls oop ná elke vraag.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.13) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Om sy drukproses te toets, het Gutenberg 'n … gedruk.

A Koerant
B Bybel
C Handleiding
D Pamflet

1.2 Intagliodruk is die teenoorgestelde van reliëfdrukwerk, in die opsig dat die drukwerk gedoen word uit ink wat onder die oppervlak van die plaat is. Die ontwerp word gesny, geskraap, of in die drukoppervlak of plaat geëts, wat gewoonlik op ... gegraveer word.

A Hout
B Staal
C Koper
D Glas

1.3 Die denkbeeldige lyn waarop alle geskrewe of gedrukte karakters sit, is die …

A Mediaan
B Ondersteellyn
C Bosteellyn
D Basislyn

1.4 In fotografie gebruik hierdie metingmetode slegs die middelste 2–3% van die toneel.

A Gedeeltelike meting
B Kernaangepaste meting
C Kolmeting
D Matriksmeting

1.5 Dit skep een skakering uit twee verskillende kleure wanneer dit van 'n afstand besigtig word.

A Sgraffito
B Bruinering
C Optiese vermenging
D Vermenging (1)

1.6 ’n Goeie ontwerp moet geanker wees. Die beste manier om dit te doen, is om (’n) ... te gebruik.

A Laag
B Raam
C Knipmerke
D Fokuspunt

1.7 Die korrekte dpi en kleurkode waarin ’n plakkaat gedruk word, is:

A CMYK, 150 dpi
B RGB, 180 dpi
C CMYK, 300 dpi
D RGB, 350 dpi

1.8 Die Egiptenare het ... uitgevind waarop hulle met ink geskryf het.

A Papirus
B Perkament
C Papier
D Koerantpapier

1.9 Watter instelling op ’n kamera word gebruik om foto’s met helder en kontrasterende kleure te neem?

A Sonsondergang
B Helder
C Standaard en normaal
D Sepia

1.10 Wanneer klank by ’n multimediaproduksie ingesluit word, is die korrekte formaat vir ’n klankprojek:

A BMP
B MPE
C WAV
D F4V

1.11 Watter EEN van die volgende is nie ’n stoor- of geheuetoestel vir data nie?

A BIUS
B WTG
C HDD
D LAG

1.12 Die proses waarvolgens ’n ikoon of beeld die ideale en eienskappe aandui wat die maatskappy wil hê mense moet sien.

A Virale bemarking
B Handelsmerkgewing
C Subliminale boodskappe
D Slagspreuk

Kopiereg voorbehou

1.13 Identifiseer die foutiewe grootte vir ’n plakkaat.

A A1
B A2
C A3
D A5

(13 × 1) **[13]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Letterspasiëring is die aanpassing van ruimtes tussen letters in ’n woord.

2.2 Positiewe spasie is die spasie om die belangrike objekte in beelde.

2.3 ’n Bloei word gebruik om aan ’n drukker ruimte vir papierbeweging te gee.

2.4 Tweepuntperspektief is twee lyne wat loodreg op mekaar is.

2.5 Kontakbesonderhede op ’n besigheidskaartjie behoort ’n minimum van 7 of 8 pts groot te wees.

2.6 Die Griekse woord ‘photos’ beteken ‘pragtige beeld’.

2.7 Die apertuur beheer die hoeveelheid lig wat op die sensor toegelaat word.

2.8 ’n CD (kompakskyf) is ’n eksterne stoortoestel.

2.9 RGB-kleurprofiel word gebruik wanneer jy ’n drukwerk-ontwerp skep.

2.10 Dit kan ’n ontwerper inspireer om na musiek te luister.

2.11 ’n Klank wat uit twee bane (‘tracks’) bestaan, staan bekend as stereo.

2.12 Komplementêre kleure is kleure wat reg langs mekaar op die kleurwiel voorkom.

2.13 Eenpuntperspektief is sigbaar van bo en onder ’n voorwerp.

2.14 Die oogdrupper-hulpmiddel word gebruik om rooi oë te verwyder wat deur ’n kamera se flits veroorsaak word.

2.15 ’n FLA-lêer is die hoof- of meestervideolêer.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Nasporing	A	’n afdruk wat geskep word deur met suur in ’n koperplaat te sny
3.2	Vulflits	B	die fynheid van detail in ’n beeld
3.3	Massa	C	’n tint of skakering van ’n bepaalde kleur
3.4	Ideologieë	D	’n hulpmiddel wat gebruik word om lig by onderbeligte areas op ’n foto te voeg
3.5	Resolusie	E	’n musieklêer en videolêer
3.6	Basislyn	F	die denkbeeldige lyn waarop alle karakters sit
3.7	Akwatint	G	tipe portretskets
3.8	Koppelvlak	H	’n stel idees wat bepaal hoe ’n persoon in ’n spesifieke situasie optree
3.9	Selflaai	I	die spasiëring in ’n teksreël
3.10	JPG/BMP	J	’n metode waarop ’n ontwerp gekonseptualiseer en beplan word
		K	beligting wat in ’n fotografiestudio gebruik word
		L	die grootte van ’n voorwerp kan die visuele gewig wat dit in die samestelling dra, beïnvloed
		M	interne geheuetoestelle wat groot hoeveelhede data kan stoor
		N	om ’n rekenaar aan te skakel deur die bedryfstelsel te laai
		O	grafikalêer
		P	tasbare onderdele van ’n rekenaar
		Q	die basis waarop ’n program se kieslyste uiteengesit word

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

subliminale boodskappe; PSD; gouache; JPEG; beneweling; sosiale netwerkvorming-terreine; beeldsoeker; jukstaposisie; Pergamum; WAF en AIFF; split-komplementêre kleur; perkament

4.1 ... is die beste lêertipes om in multimedia-ontwerp te gebruik, omdat hulle nie saamgepers is nie.

4.2 Adobe Photoshop gebruik ... lêers.

4.3 Om jou komposisie te beplan, kan jy van ’n ... gebruik maak.

4.4 Adverteerders sluit ... by hul advertensies in om mense se denke of gevoelens oor iets te verander, sonder dat hulle dit agterkom.

4.5 ... verwys daarna om dinge langs mekaar te plaas om kontras te skep.

4.6 ... word gewoonlik van skaap- of koeivel gemaak.

4.7 ... is verf met ’n roomagtige konsistensie en moet met water verdun word.

(7 × 1) **[7]**

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Die volgende ontwerperstoel is ’n gevallestudie van produkontwerp wat in die hedendaagse ontwerperswêreld geproduseer word. Bestudeer die onderstaande stoel en beantwoord die vraag.



[Bron: *designboom.com*]

Hierdie unieke ontwerperstoel bestaan uit PVC-pype wat gesmelt en vasgegom is. Dit is liggewig en uit afvalmateriale gemaak. Dit kos R9 000.

Gebruik die FACE-metode om die bostaande produkontwerp te evalueer.

(4 × 2) (8)

5.2 Dit is baie belangrik om jou aanbieding en die vloei daarvan te beplan voordat jy dit skep.

Bespreek SES riglyne om aanbiedings te skep. (6)

5.3 Dit is baie belangrik dat ’n grafiese ontwerper balans in ’n komposisie verstaan.

Teken TWEE vierkante van 8 cm × 8 cm in jou ANTWOORDBOEK. Teken in elke vierkant ’n vinnige skets om jou begrip van simmetriese en asimmetriese balans te wys. (2 × 2) (4)

5.4 Verduidelik die volgende terminologie wat met elemente in multimedia verband hou. Verstrek voorbeelde waar moontlik.

5.4.1 Verskillende fonte en lettertipes


5.4.2 Kompressie

5.4.3 Tussenin-rame (‘tweening’)

(3 × 3) (9)

Kopiereg voorbehou

5.5 Hier onder is ’n voorbeeld van ’n templaat vir ’n skuimkoffiehouer.



[Bron: *freepic.com*]

Teken die bostaande templaat in jou ANTWOORDBOEK oor.

- Ontwerp ’n verpakkingsetiket vir ’n nuwe koffiewinkel wat as Best Blends bekend sal staan. Die ontwerp van die etiket moet geskik wees om op hul skuimkoffiehouer gebruik te word.
- Sluit beelding in.
- Verskaf al die nodige inligting wat op die koffiehouer se etiket moet verskyn.
- Jy kan die illustrasie van koffiebone as inspirasie gebruik.

Jy sal geassesseer word op grond van jou kreatiwiteit en begrip van verpakkingsontwerp. (9)

5.6 Gee VIER redes waarom die bostaande wegneem-koffiehouer in hierdie tipe verpakking verkoop word. (4)

5.7 Hier onder is 'n reklamebord van die Coca-Cola-maatskappy. Deur slegs slim ontwerp te gebruik, dra hulle 'n boodskap aan die kliënte oor om hul bottels by die naaste herwinningshouers te herwin. Kritici het beweer dat Coca-Cola te min doen om vir die massiewe omgewingsimpak van sy produkte te vergoed.



[Bron: *creativeblog.com*]

Ontwerp jou eie reklamebord met 'n soortgelyke boodskap wat bewustheid van omgewingskwessies skep. Teken 'n blok van 15 cm × 8 cm in jou ANTWOORDBOEK. Skep jou reklamebord in hierdie ruimte.

Die reklamebord wat jy ontwerp, kan vir enige van die volgende kitskosmaatskappye wees.

KFC Nando's

(8)

[Bron: *imgbin.com*]

5.8 Verduidelik kortliks die doel van die volgende digitale hulpmiddels:

5.8.1 Towerstokkie-hulpmiddel ('magic wand')

5.8.2 Vormhulpmiddel ('shape')

(2 × 2) (4)

5.9 Noem VYF basiese elemente van 'n brosjure. (5)


[57]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die verskil tussen die *outydse styl-lettertipe* en *moderne lettertipe.*

Gebruik 'n illustrasie om jou antwoord te staaf. (3)

6.2 Bestudeer die portretfoto hier onder.



[Bron:*behance.net*]

Verduidelik watter hulpmiddels en tegnieke jy in Photoshop sal gebruik om 'n portret te retoesjeer. (10)

6.3 Gee DRIE lêertipes wat vir digitale illustrasies en logo's gebruik kan word. (3)

6.4 Noem enige TWEE elemente van klank in 'n rolprentklankbaan. Verduidelik dit kortliks. (2 × 2) (4)

6.5 Demonstreer DRIE tekentegnieke deur die merke in jou ANTWOORDBOEK te maak. Noem elk van die tegnieke langs jou demonstrasie. (3 × 2) (6)

6.6 Noem VYF tipes animasie. (5)

6.7 Verduidelik kortliks die beginsel van balans met betrekking tot ontwerp. (3)


6.8 Identifiseer die volgende fotografiese tegnieke en verduidelik hoe hulle geskep is.

6.8.1



[Bron: *pinterest.com*]

6.8.2



[Bron: *dpreview.com*]

6.8.3



[Bron:*:all-about-photo.com*]

(3 × 2) (6)

6.9 Besigheidskaartjies is hulpmiddels wat gebruik word om goeie kliëntbetrekkinge te vestig. Hier onder is 'n voorbeeld van 'n besigheidskaartjie.



[Bron: *shutterstock.com*]

Ontwerp 'n besigheidskaartjie vir jou eie grafiese ontwerp-maatskappy.

- Teken TWEE blokke van 10 cm × 5 cm waarin jy jou ontwerp sal skep.
- Teken die voor- en agterkant van die ontwerp in jou ANTWOORDBOEK.
- Sluit al die toepaslike inligting op die kaartjie in.
- Moenie die styl van die kaartjie in die bostaande voorbeeld kopieer nie. (8)

[48]

TOTAAL AFDELING B: 105
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou